# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (41/13)

*Justin Chadwick (11 Oktober 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The biggest risk is not taking any risk... In a world that is changing really quickly, the only strategy that is guaranteed to fail is not taking risks". Mark Zuckerberg.***

**DIE 2013 SEISOEN SE LOGISTIEKE UITDAGINGS IN DURBAN – Sien:** http://www.cga.co.za/pages/42213 (Mitchell Brooke)

Die afgelope seisoen was een van die moeilikste seisoene vir die produsente in die Noorde (en hul onderskeie uitvoerders of agente wat hul vrag hanteer het) wat vrag vanuit Durban Hawe gestuur het. Van die begin af het opeenhopings en vertragings voorgekom wat regdeur die seisoen voortgeduur het. Dit het nie net die trokke na die inname-fasiliteite geraak nie, maar ook die houers wat vir die Durban Container Terminals (DCT) bestem was. Mitchell Brooke het die simptomatiese probleme van die redes hoekom dit gebeur het opgesom en dit blyk dat baie faktore 'n rol gespeel het wat tot opeenhoping, vertragings en ekstra "dwell-time" gelei het – alles dra by tot ekstra kostes. Durban het 'n addisionele 100 000 palette sitrus die jaar in vergelyking met die gemiddelde oor die laaste 3 jaar hanteer. Daar is 35 000 houers gepak en aan DCT gelewer wat 8 000 meer was as in die laaste 3 jaar. Durban se stoorkapasiteit het in werklikheid met 10 000 "pallet slots" oor die laaste 3 jaar verminder, terwyl die volume vanuit die Noorde terselftertyd toegeneem het – en die moontlikheid is daar dat dit verder sal toeneem. Opsommend was daar net te veel druk op die laai-fasiliteite om met die addisionele werkslading tred te hou en bykomend was daar ook die toename in DAFF- inspeksies - dit het verhoed dat inkomende vragte gestoor kon word om plek vir nuwe vragte te maak. Die CGA Raad het 'n Spesiale Vervoer en Logstieke vergadering op 11 September in Port Elizabeth gehou, wat deur Charles Rossouw (CGA-direktuer, Senwes) gekoördineer is. Dit is bygewoon deur die Raadslede van die Noordelike areas, die MD's van Durban se koelkamers, die Voorsitter van die FPEF, die plaaslike GM van Transnet Port Terminals (TPT) en die Terminaal Bestuurders van DCT en Pier 1 houer-terminale. Dit het n waardevolle platvorm geskep vir besprekings oor watter ingrypings nodig sal wees om te verseker dat die probleme van die 2013-seisoen aangespreek sal word. Daar het 5 hoofpunte vanuit die vergadering gekom: 1) daar moet beter bestuur van vloei van houers na DCT wees deur spesifieke beplanning, infrastruktuur en kapasiteitsingrypings deur TPT, 2) die koelkamers moet 'n manier vind om saam te werk op infrakstruktuur en die vervoer-bottelnekke aan te spreek, 3) beroep op DAFF om bykomende hulpbronne voor 2014 te implementeer, 4) daar moet 'n sterk beweging wees om vrag na Maputo te stuur om die druk in Durban te verlig, en 5) daar moet 'n hernude fokus wees op stuur van houers van Limpopo na Kaapstad. Mitchell Brooke is reeds besig om laasgenoemde met sleutel rolspelers te bespreek. As 'n opvolg op die vergadering wat op 11 September gehou is, het Transnet Port Terminals 'n werkswinkel op Woensdag met die sitrusbedryf gehou. Die uitvoerende hoof, Mnr Karl Socikwa, en die Streeks GM, Mnr Zeph Ndlovu het aanbiedeninge oor TPT se verbintenis om die uitdagings van die sitrusbedryf aan te spreek, gelewer. Hierdie is kundige persone wat weet wat hul doen en wat nodig is om gedoen te word. Met die regte toerusting dink ons, sal hul dit regkry. Die belangrikste uitdagings soos deur die gehoor genoem kom op die volgende neer - ordentlike toerusting, addisionele kapasiteit, beter beplanning en kommunikasie. Laasgenoemde is veral die " stack" datums. Mnr Hoosen Ahmed van FPT het 'n goeie opsomming aan die einde gegee en gesê wat benodig word is nie "rocket science: nie, dit is net 'n saak van vaste verbintenis, deeglike beplanning en goeie kommunikasie – iets wat die gehoor gevoel het waar CGA 'n rol kan speel in die fasilitering. Infrastruktuur en kapasiteitsingrypings is reeds deur TPT gedoen soos waargeneem tydens die toer van DCT, Pier 1 en Maydon Wharf Houer-terminale. Pier 1 gaan "plug-in" -punte vermeerder van 600 tot 1,200, Pier 2 van 1,200 tot 1,850 en MW van 300 tot 600. Pier 1 gaan Reach Stackers bykomend tot die wind sensitiewe Rubber Tyre Gantry hyskrane (RTG's) implementeer. Hul sê dat dit die windprobleme sal verminder wat so algemeen voorgekom het. TPT het hul daartoe verbind om 'n volgende werkswinkel met die sitrusbedryf in Maart 2014 te hou om 'n opdatering van hul ingrypings voor die 2014 seisoen te gee.

**OPDATERING - MAPUTO HAWE**

Gegewe die probleme in Durban, word 'n hernude fokus op Maputo as belangrik beskou. Mitchell Brooke het Baltic Shipping in St. Petersburg en Seatrade in Rotterdam onlangs besoek. Hierdie maatskappye het die Reefer Alliance Groep vroeër die jaar gevorm en hul werk saam deur verskepings na Noord-Europa, VK en Rusland te konsolideer met 'n gedeelde poel van skepe. Deur middel van die alliansie en vennootskap met produsente en uitvoerders is daar 'n werklike kans vir 'n vol skip per week vanuit Maputo volgende seisoen. Daar is 'n sterk moontlikheid dat as produsente en uitvoerders bereid is om van die diens gebruik te maak dat so 'n toegewyde diens aan Maputo 'n goeie kans het. Dit kan jou produk in die mark 'n volle 10-14 dae vroeër kry as via verskeping in houers vanuit Durban.

**MOENIE VERGEET VAN DIE CMF WAT OP 1 NOVEMBER 2013 IN STELLENBOSCH GEHOU GAAN WORD NIE**

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Tot Week 40 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 15.5 m | 13 m | 17.9 m | 13 m | 17.5 m* | 15 m | 17.9 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 6.9 m | 7.6 m | 8.4 m | 7.6 m | 8.4 m | 8.2 m | 8.4 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 10.7 m | 10.5 m | 10.5 m | 10.4 m | 10.5 m | 11.1 m | 10.5 m | 10.5 m |
| Nawels | 21.2m | 24.6 m | 25.4 m | 24.6 m | 25.4 m | 24.9 m | 25.4 m | 24.6 m |
| Valencias | 40 m | 45.1 m | 49.2 m | 44.4 m | 44 m | 47.7 m | 50 m | 47.2 m |
| Totaal | 94.3 m | 100.8 m | 111.4 m | 100 m | 105.8 m | 106.8 m | 112.2 m | 103 m |

Swaziland en Zimbabwe gepak – Pomelo's 1 miljoen kartonne; Valencias gepak 2.9 miljoen kartonne. *skatting

**SUIDER AFRIKA SE SITRUS PRODUSENTE SE MAATSKAPPYE CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE BEDRYF**